MEER MELKINGS PER DAG VERHOOG PRODUKSIE

Om 'n koei tot vier keer per dag te melk, hou bewese fisiologiese voordele vir die koei in, sê mnr. Gerdie Landman, van die Mooimelk Koeihotel. Om die praktyk gedurende die eerste 60 dae van 'n koei se laktasie te volg, verlig voortdurend die druk op die uier wat op sy beurt uierweefsel-ontwikkeling stimuleer en help om die somatiese seltelling te verlaag.

Die melkproduksie van daardie koeie kon danksy die praktyk, met tussen 14% en 18% verhoog word. Hoë produseerders kan vir ses maande lank vier keer per dag gemelk word. Wanneer die koeie in die later deel van hulle laktasie is, word na twee keer per dag verminder.

Die stelsel is slegs prakties moontlik indien die totale melktyd meer as 6 uur op 'n slag is. Die koeie wat dus vier keer per dag gemelk word, word eerste en weer laaste tydens dieselfde melkskof deur dieselfde personeel gemelk.

“Die voer strategie is om die hoë ruvoerroete te loop en minder kragvoer in die rantsoene in te sluit. Voeding in 'n verhouding van 40% kragvoer en 60% ruvoer bestaande uit mielie kuilvoer en lusern “greenchop” in die somer en lusernhooi en hawer groenvoer in die winter, word gebruik. Die stalgemiddeld vir die koeihotel wissel deur die jaar tussen 22 en 27 liter/koei, met 'n bv van 3,8% en Prot 3,4%.

Die Landmans maak hoofsaaklik van KI gebruik, maar gebruik ook hoë gehalte Holsteinbulle op koeie wat herhaaldelik geïnsemineer is. Hoewel hulle semen van bulle van verskillende lande gebruik, bly hulle lojaal teenoor die plaaslike bedryf en koop hoofsaaklik Taurus semen. Dit sluit toetssemen van Holland in.

Theuns Botha